

Sondag 20 November

Skrifgedeelte: Matteus 13:24-30, 36-43

Fokusgedeelte: Matteus 13:30, 39-41 (AFR53)

Bly jy net saai, die engele sal maai en die oes inbring

In hierdie gelykenis gaan dit oor die *goeie saad* – as die kinders van die koninkryk – wat Jesus in die wêreld saai. En oor die *onkruid* – as die kinders van die Bose – wat die duiwel saai.

Ons hoor Jesus maak hier 'n duidelike *onderskeid*, maar óns is beperk in ons *onderskeiding* tussen die twee. Dit is waar ons probleem lê en wat Jesus hier wil aanspreek. In sy koninkryk sien ons nie nou hierdie waterdigte onderskeid tussen die kinders van die koninkryk en van die Bose nie. Ons leef saam en word saam groot onder dieselfde son en met dieselfde omstandighede. Ons sien dit selfs binne die kerk, dat die koring en die onkruid dig bymekaar in die kerk opgroei.

Wanneer dit vir ons so voorkom, is ons geneigdheid om die onkruid net te wil uitruk. Maar Jesus sê: Nee, want ons trek ewe maklik die koring saam met die onkruid uit – ons veroordeel te gou. Ons onderskeidingsvermoë laat ons in die steek – dit is beperk. Nie net dit nie, die Here wil nie hê dat ons nou sulke oordele moet vel nie. Dit is nie ons werksbeskrywing nie. Ons roeping is nie om die sekel in te steek en te maai nie, maar om die saad van die evangelie te saai, en om harte voor te berei om dit te ontvang, en om nat te gooi (2 Tim. 2:4). Ons Here Jesus sal die engele oproep om die oes in te bring, op die laaste dag. Hulle is gehoorsaam aan die stem van sy woord. Hulle sal die regverdige oordeel van die Here uitvoer. Hulle sal die onkruid uittrek sonder om die koring daarmee saam uit te trek.

Ons beleef die onkruid tussen ons en hulle aanslag op ons – die struikelblokke. Graag wil ons dit nou verwyder en nie meer die kruis daarvan opneem nie. Maar laat ons geduldig wees en volhard tot die einde toe, wanneer die engele die hand aan hulle sal slaan en hulle in die hel sal gooi.

Sing: Psalm 126-1:1-3

Ds. DJ Dykstra (Dirk) (Nigel)